# KUSWAG SKOOL

# KODE VAN GEDRAG : GRAAD 4 TOT 7

# INHOUDSOPGAWE

1. AMPTELIKE SKOOLURE EN ALGEMENE ADMINISTRASIE
2. AFWESIGHEDE
3. OORTREDINGS VOLGENS DIE SIVIELE REG
4. BELEID MET BETREKKING TOT SELLULÊRE FONE, MP3-SPELERS EN IPODS
5. MAATREËLS VIR VERSKILLENDE TIPES OORTREDINGS
6. KLEREDRAG: GRAAD 4 TOT 7

# 1. AMPTELIKE SKOOLURE EN ALGEMENE ADMINISTRASIE

## 1.1 AMPTELIKE SKOOLURE

Maandae tot Donderdae 07:30 – 14:00
Vrydag 07:30 – 13:00

## 1.2 LAATKOMMERS

**Laerskool:** Dit word skriftelik aangeteken deur die leerkrag aan diens by die hek. ‘n Inskrywing volg in die straflêer indien leerder drie keer na mekaar laat kom.

**Verskonings:** Per brief aan die registeronderwyser binne een dag.

## 1.3 HUISWERK

Leerders sal daagliks huiswerk kry. Dit is die ouers/voogde van leerders se verantwoordelikheid om huiswerk op te volg, te kontroleer en toe te sien dat alle huiswerk/take/opdragte **deur die leerder self** betyds en netjies gedoen word.

Die huiswerk/take/opdragte vorm dikwels deel van die kurrikulum se **deurlopende assesseringsprogram en daar word dus punte aan die werk toegeken.** Indien die leerder se huiswerk, wat vir punte gedoen moet word, nie betyds gedoen/ingegee is nie, **kan die leerder sy punte verbeur en/of gepenaliseer word.**

## 1.4 BRIEWE VAN DIE SKOOL, OMSENDBRIEWE, FINANSIëLE STATE EN KORRESPONDENSIE

Bogenoemde korrespondensie word via u kind, hetsy die enigste of die jongste kind (soms aan elke kind) van ‘n gesin, gestuur. Die leerder wat die korrespondensie ontvang, teken langs sy/haar naam op ‘n klaslys as bewys van ontvangs van die korrespondensie.
Dit is elke Kuswagleerder se verantwoordelikheid om alle briewe/state aan hul ouers of voogde te oorhandig.

**KUSWAG SAL NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR ENIGE BRIEWE/STATE WAT NIE AAN OUERS GEGEE IS NIE.**

## 2 AFWESIGHEDE

**In ALLE gevalle moet bewys van afwesigheid ingedien word binne DRIE DAE vanaf laaste datum van afwesigheid.**

### 2.1 ALGEMENE AFWESIGHEID-ANDER REDES

As die leerder se afwesighede kommer wek en die redes vir die gereelde afwesigheid onaanvaarbaar word, sal die registeronderwyser die ouers telefonies of per brief kontak. Indien dit nodig is, sal ouers/voogde versoek word om die Graadvoog te kom spreek om te besluit op optrede wat in die kind se belang sal wees.

### 2.2 ANDER AFSPRAKE GEDURENDE SKOOLURE

**BEGINSELS**

- Beperk afsprake tydens skoolure tot die minimum.
- Noodgevalle word op meriete hanteer.
- Telefoniese reëlings moet met 'n brief opgevolg word, of die afspraakbrief/ sieknota moet ingedien word.
- Om steurnis en onderbreking van onderrigtyd te voorkom, moet leerders reëlings **in registerperiode** of die dag voor die tyd **in registerperiode** by die **registeronderwyser** tref.
- Briewe word gerig aan die registeronderwyser.

### 2.3 LEERDERS WAT SIEK WORD TYDENS SKOOLURE

- Die **registeronderwyser** maak gebruik van 'n "Vorm vir ongesteldheid/siekekamer".
- Die **register-/vakonderwysers van die betrokke periode** vul 'n VORM in wat die leerder toestemming gee om huis toe te gaan OF in die siekekamer te gaan lê. Die brief moet eers deur die Graadvoog onderteken word. (LW: Die siekekamer het beperkte spasie en is 'n noodmaatreël. 'n Siek leerder kan **slegs vir 'n kort rukkie daar vertoef. GEEN LEERDER MAG SONDER DIE SKRIFTELIKE TOESTEMMINGSVORM IN DIE SIEKEKAMER WEES NIE.**) Die diskresie van die sekretaresses word gebruik.
- Indien die bogenoemde prosedure volledig afgehandel is, sal die sekretaresse die ouer skakel om die leerder te kom haal indien die voorval ernstig is.
- **Onder geen omstandighede mag die leerder self die ouer skakel nie.**
- Leerders mag slegs deur ouers / voogde gehaal word. **Ouers moet by die kantoor aanmeld en leerder(s) laat roep.**
- Leerders wat siek word tydens skoolure en dan afwesig is, moet steeds 'n brief by die registeronderwyser inhandig, die dag wanneer hy/sy weer terug by die skool is.

## 2.4 SIEKTE WAAR DIE LEERDER TUIS BLY

- Afwesig een tot twee dae: Brief van ouer.
- ‘N LEERDER MOET SELF REëL OM WERK WAT VERLOOR IS/AGTERSTALLIG IS IN TE HAAL.
- Sien paragraaf 2.6 hieronder indien ‘n toets of eksamen gemis is.
- Vir afwesigheid op ‘n Vrydag en/of ‘n Maandag, OF afwesig vir DRIE skooldae en meer OF afwesigheid van 3 dae in ‘n 8 week siklus **MOET ‘n Doktersertifikaat** of brief van geakkrediteerde mediese beampte ingehandig word, **binne 3 dae.**

## 2.5 BEGRAFNIS/ ANDER

- Rig die skriftelike versoeke/kennisgewing aan die registeronderwyser vir aandag: Die Graadvoog. ‘n Afskrif van die begrafnisbrief/afspraakstrokie **moet** by die registeronderwyser ingehandig word en die onderwyser by wie ‘n toets gemis is, moet kennis neem van die nodige toepaslike bewyse ( in die geval van ‘n begrafnis, binne drie dae of met vooraf kennisgewing – nie ‘n brief nie.)
- ***Die reëls soos uiteengesit in par. 2.6 word toegepas .**

## 2.6 AFWESIG VAN TOETSE/EKSAMEN/ASSESSERING/KLASTOETSE GRAAD 4 - 7

**2.6.1. Kwartaaltoetse:** Indien ‘n doktersertifikaat of brief van ‘n geakkrediteerde mediese beampte op die eerste dag wat die leerder terugkeer skool toe ingehandig word, mag die toets met in ag neming van die opvoeder se diskresie op daardie selfde dag geskryf word. Anders: nul vir die toets.

**2.6.2. Eksamen:** ‘n Doktersertifikaat of brief van ‘n geakkrediteerde mediese beampte selfs vir een dag afwesig van die eksamen. Anders nul.

**2.6.3. Begrafnis:** Begrafnisbrief of ander aanvaarbare bewys van afwesigheid moet ingehandig word. Dieselfde reël soos vir “kontroletoetse” hierbo word toegepas.

**2.6.4. Vakansie:** Eksamendatums verskyn kwartaalliks op die graad se toetsrooster. Geen afwesigheid van ‘n eksamen vir ‘n beplande vakansie sal goedgekeur word nie, behalwe in uiterste omstandighede en dan slegs met die goedkeuring van die Hoof. Die leerder kry “AMR” (afwesig met rede) op die rapport.

**2.6.5. Trauma en Provinsiale/Nasionale deelname:** Dié situasies sal op meriete hanteer word en diskresie van die bestuur sal geïmplementeer word.

**2.6.6.** Indien die afwesigheid nie vooraf goedgekeur is nie, sal die leerder nul vir die eksamen kry.

**2.6.7.** Oneerlikheid in toetse en eksamens: sien 5 . 3. 14

## 3 OORTREDINGS VOLGENS DIE SIVIELE REG

### 3.1 DWELMS/ALKOHOL/VERBODE MIDDELS

Die gebruik of in besit wees van verbode middels soos dwelms en alkohol, word in ‘n uiters ernstige lig gesien. Kuswag Skool verbind hom daartoe om enige gebruik en/of misbruik van verbode middels onder ons jeug in ons gemeenskap te beveg. Alle personeel verbonde aan Kuswag Skool is in samewerking en soos met die SAPD ooreengekom, verplig om enige voorval of betrokkenheid, handel in, die gebruik of misbruik van verbode middels, die nodige stappe te neem. Die skool se bestuur behou hom die reg voor om die SAPD te kontak om klopjagte uit te voer om die gebruikers van of handelaars in verbode middels in die skool aan die kaak te stel. Leerders sal volgens die Siviele Regstelsel hanteer word.

### 3.2 ROOK

Nasionale Wetgewing bepaal dat rook op openbare plekke onwettig is en dat, waar daar afgebakende ruimtes vir rokers geskep word ingevolge wetgewing, geen persone onder die ouderdom van 18 jaar toegelaat word nie. Geen rook word op skool- en kindersorgpersele toegelaat nie. Die skool en busse is openbare plekke en **dus is rook verbode**.

## 4. BELEID M.B.T. SELLULÊRE FONE, MP3-SPELERS, iPODS OF SOORTGELYKE ELEKTRONIESE APPARATE

**Die veiligheid van selfone, wat skool toe gebring word, is die volle verantwoordelikheid van die leerder.**

AGTERGROND (Neem kennis: met “selfoon” word daar in hierdie riglyn verwys na enige selfoon, tablet, selfoonhorlosie of elektroniese apparaat wat ‘n leerder sonder toestemming skool toe bring.)

Die volgende geld vir selfone en alle elektroniese apparaat:

- Dit moet aan die begin van die skooldag ingegee word by die registeronderwyser. Geen leerder mag gedurende die skooldag in besit wees van ‘n elektroniese toestel nie.
- Dit moet AFGESKAKEL wees en nie op die geluidlose funksie (silent) wees nie.
- Dit mag nie as ‘n horlosie, dagboek of sakrekenaar gebruik word nie..
- Indien dit onder die aandag van die skool kom dat ‘n leerder tydens skoolure, sonder vooraf toestemming van ‘n personeellid, enige person bv. ouer, voog, familie of vriend gekontak het vir watter rede ookal, deur die gebruik van sy of haar selfoon of ander elektroniese apparaat, word dit gesien as ‘n oortreding en word dieselfde prosedure gevolg as hieronder uiteengesit:

Die selfoon of elektroniese apparaat word deur die leerkrag gekonfiskeer en in die teenwoordigheid van die leerder word die volgende gedoen:

- Leerkrag verseker dat die simkaart in die selfoon/elektroniese apparaat bly.
- Die selfoon/elektroniese apparaat word in 'n koevert geplaas en die leerder se naam, die tipe selfoon/elektroniese apparaat en die datum van die oortreding word op die koevert geskryf.
- Die leerder en die leerkrag teken op die koevert.
- Die koevert word by die kantoor ingehandig vir veilige bewaring in die skoolkluis.
- Die sekretaresse teken die naam, datum en klas van die leerder wie oortree het op 'n klaslys aan en teken ook aan dat die selfoon/elektroniese apparaat ingeneem is en in veilige bewaring is.
- Die sekretaresse/leerkrag kontroleer ook die hoeveelste oortreding dit is om die korrekte optrede te bepaal.
- Die leerder kan die selfoon/elektroniese apparaat terugontvang na die tydperk van konfiskering verstryk het en/of die vereiste boete betaal is, indien van toepassing.
- Die leerder teken in die register wanneer hy/sy die selfoon/elektroniese apparaat terugontvang het.

## 5 MAATREëLS VIR VERSKILLENDE TIPES OORTREDINGS

### BEGINSELS

### ALGEMENE BEPALINGS

a) Alle leerders sal vooraf ingelig word en kennis dra van die "Kuswag Gedrags-kode", skool- en die klasreëls.
b) Elke vakopvoeder is verantwoordelik vir die dissipline in sy/haar klas.
c) In elke klas sal die volgende vyf basiese klasreëls geld:
   i. Slegs een persoon mag op 'n slag praat
   ii. Stiptelikheid word vereis. Wees betyds.
   iii. Huiswerk is verpligtend en moet gedoen wees.
   iv. Selfone moet tydens skoolure afgeskakel bly.
   v. Praat en behandel jou opvoeder en medeleerders met respek.
d) 'n Opvoeder het die reg ingevolge die Gedragskode om 'n leerder wat die skool bywoon, gdurende enige klas, skoolfunksie, skooluitstappie en skoolverwante aktiwiteit, te beheer en te dissiplineer.
e) Elke opvoeder is te alle tye verantwoordelik vir discipline by die skool en by skoolverwante aktiwiteite. Opvoeders het die volle gesag en die verantwoordelikheid om die gedrag van leerders by die skool te korrigeer wanneer so 'n korreksie nodig is.
f) Korrektiewe (dissiplinêre) stappe mag geneem word teen 'n leerder wat die Gedragskode oortree. Korrektiewe maatreëls kan ernstiger word vir herhaalde oortredings.
g) 'n Onderskeid word getref tussen minder ernstige oortredings, ernstige oortredings en uiters ernstige oortredings.

h) Korrektiewe stappe kan geneem word ooreenkomstig die spesifieke korrektiewe maatstawwe uiteengesit vir die tipe oortreding(s).

## 5.1 MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS VLAK 1

### OORTREDINGS

5.1.1 Enige vorm van wangedrag.

5.1.2 Onordelike klasgedrag .

5.1.3 Laatkommery of gesloer om by klasse en/of rye uit te kom.

5.1.4 Enige vorm van rondlopery sonder toestemming.

5.1.5 Handboeke/mediaboeke/werkboeke/skrifte/apparaat (byvoorbeeld Wiskunde-apparaat) nie by die skool nie.

5.1.6 Huiswerk onvolledig/nie gedoen nie/nie by die skool nie/lewering van afskeepwerk

5.1.7 Eet/drink in die klas sonder toestemming (moet steeds uit respek vir leerkrag vra).

5.1.8 Tussen en tydens periodes snoepwinkel toe gaan.

5.1.9 Afwesigheid van skool/sport/kultuuroefening/koolaktiwiteite sonder verskoning of vooraf reëlings.

5.1.10 Verskoning-/doktersbrief nie ingelewer na drie dae vanaf laaste dag van afwesigheid nie.

5.1.11 Toetse/boeke/werkkaarte/detensiebriewe/afskeur strokies nie geteken en/of terugbesorg binne drie dae nie.

5.1.12 Inkorrekte skooldrag.

5.1.13 Op verbode terrein wees.

5.1.14 Oneerbiedige optrede teenoor personeel/Monitor/administratiewe/personeellid/ terreinpersoneel/ouers/besoekers en medeleerders.

5.1.15 Hardloop en/of speel op die skoolstoepe/trappe of op die stoepe wees tydens pouses.

5.1.16 Ry/speel met skaatsplanke/rolskaatse/fietse/skop van balle in vierkante/op stoepe/tennisbane.

5.1.17 Versuim om voorgeskrewe drag tydens skoolure/by skoolgeleenthede/op busse/aktiwiteite te dra of die skooldragreëls na te kom. Dit sluit ook “civviedrag” in.

5.1.18 **Voorkoms:** Hare nie volgens die skoolreëls nie en in gebreke bly om dit reg te stel.

5.1.19 Sonder toestemming of onder valse voorwendsels ‘n ander leerder uit die klas gaan roep of gaan “spreek”.

5.1.20 Enige vorm van fisiese kontak was as onvanpas beskou word

5.1.21 Parmantige terugpratery, ‘n uitdagende of aanmatigende (arrogante) houding in te neem.

**Straf**: Na die 9de inskrywing in die straflêer,’n Vrydag detensie van 1½ uur

## 5.2 ERNSTIGE OORTREDINGS: VLAK 2

**OORTREDING**

5.2.1 Onaanvaarbare gedrag op die skoolterrein, skoolbusse of enige ander plek waar Kuswag leerders identifiseerbaar is.

5.2.2 Vloek/krutaal en/of lelike tekens/gebare gebruik.

5.2.3 Wangedrag en mors in die kleedkamers/toilette.

5.2.4 Baklei/dreig/intimideer/manipuleer ander leerder(s) binne of buite die skoolterrein.Kwetsende opmerkings teenoor enige persoon maak.

5.2.5 Wanaanwending en/of ongemagtigde gebruik van skooleiendom, byvoorbeeld speel met brandslange, graffiti, beskadiging van eiendom.

5.2.6 Afwesig wees as lid van ‘n sportspan/-wedstryd/kultuurfunksie/verpligte skoolaktiwiteit sonder ‘n geldige of **vooraf** verskoning.

5.2.8 Nie opdaag vir ‘n pouse- en/of Vrydagdetensie nie, sonder ‘n geldige of **vooraf** verskoning.

5.2.9 Stokkiesdraai of die skool verlaat sonder toestemming/afwesigheid van klasonderrig (“bunk”).

**Straf**: 2 Vrydag detensies van 1½ uur

## 5.3 UITERS ERNSTIGE OORTREDINGS: VLAK 3

**OORTREDING**

5.3.1 Enige vorm van vandalisme, beskadiging van skooleiendom/eiendom van ander persone/bustoerusting.

5.3.2 Doelbewuste, ernstige besering van ‘n ander leerder/persoon.

5.3.3 Enige opsetlike optrede wat ander leerders se veiligheid/lewe in gevaar stel.

5.3.4 Intimidasie, viktimisering of dreigemente rig aan ander leerders.

5.3.5 Openlike gesagsuitdaging.

5.3.6 Volgehoue ernstige, ontwrigtende klasgedrag, wat ander leerders se reg op leer en onderrig benadeel.

5.3.7 “Brandstigting”. Sluit in papiere of enigiets anders in klasse aan die brand steek. Sigaretaanstekers of vuurhoutjies in ‘n klaskamer aansteek of op die veld, byvoorbeeld beskadiging van krieketnette.

5.3.8 In besit wees van of verspreiding van onwelvoeglike leesstof, foto’s, video’s, CD’s, musiek of materiaal op selfone.

5.3.9 Onwelvoeglike, aanstootlike optrede.

5.3.10 Karakterskending, kwetsende opmerkings of verspreiding van skinderstories.

5.3.11 Diefstal.

5.3.12 ‘n Ander leerder lyfstraf toedien of enige vorm van “ontgroening”.

5.3.13 Tatoeëering by leerders. Enige tatoeëering mag nie sigbaar wees nie.

5.3.14 Oneerlikheid in toetse en eksamen. (Kry NUL “0”.)

5.3.15 Bomdreigement of enige ander vorm van massavrees of –histerie aanblaas.

5.3.16 Enige vorme van organisering of deelname aan massaprotes, massastakings/-klasbunk is verbode.

5.3.17 Enige vorme van verspreiding van ongemagtigde petisies óf deur middel van die internet, SMS’e/WhatsApp-boodskappe óf enige ander sosiale netwerke, is streng verbode.

5.3.18 Vervalsing/pleeg van plagiaat.

5.3.19 Seksuele teistering, bedoelende (ernstige beskadiging of skade berokkening; optrede wat kwelling of foltering impliseer wat betrekking het op geslagtelikheid.

5.3.20 **Rassisme/rassistiese uitlatings**, ook buite die skool, op busse of enige plek waar ‘n leerder as ‘n Kuswagleerder identifiseerbaar is.
Rassisme: Veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur ras – ‘n denkrigting wat aanneem dat ‘n besondere ras meerderwaardig is en die reg het om ander rasse te oorheers.

5.3.21 Deelname aan enige **okkultiese** bedrywighede/verspreiding van okkultiese materiaal.

5.3.22 Op heterdaad betrap word waar hy/sy (in skooldrag) **rook , “vape”of alkohol/dwelms gebruik** (by skool, op busse of op kampe (al word civvies gedra)/ uitstappies/funksies/die omgewing van die treinbrug.

5.3.23 **In besit wees of verspreiding van sigarette/elektroniese rooktoestelle/alkohol/ dwelms/vuurwapens/vuurwerke** of ander gevaarlike items.

5.3.24 **Gebruik/proe van alkohol/dwelms, of in besit wees van die bogenoemde substanse en/of sigarette en/of -aanstekers en/of elektroniese rooktoestelle** , of in die **teenwoordigheid** wees van leerders wat sulke substanse gebruik en dit nie aanmeld nie.

5.3.25 **Gebruik/proe van alkohol/dwelms/ sigarette/ elektroniese rooktoestelle**. Die gebruik of in besit wees van verbode middels soos sigarette, elektroniese rooktoestelle, dwelms, of alkohol, word in ‘n uiters ernstige lig gesien. Die skool se Bestuur hou hom die reg voor om die SAPD te kontak om klopjagte uit te voer of om die verdagte te deursoek om die gebruikers van of handelaars in bogenoemde substanse in die skool aan die kaak te stel. Leerders sal in gevolge die Siviele Regstelsel hanteer word.

**Straf:** 3 Vrydag detensies van 1½ uur; leerder kan gesuspendeer word, ouers word gekontak en regstappe kan geneem word.

**Let wel**:

***OORTREDINGS EN DIE TOEPASLIKE STRAWWE WORD ELKEEN OP MERIETE HANTEER EN DIE DISKRESIE VAN DIE BESTUUR EN DIE SKOOLHOOF IS DIE FINALE BEPALENDE FAKTOR***

## KLEREDRAGREËLS : GRAAD 4 – 7

Die skooldrag en reëls ten opsigte van die dra daarvan word deur die hoof, die bestuur en die beheerliggaam bepaal.

### 1. "CIVVIE"-DAE

### 1.1 ALGEMEEN

(a) Leerders sal van tyd tot tyd toegelaat word om privaatklere skool toe te dra as deel van fondswerwing. 'n Minimum bedrag van R5.00 sal gehef word.
(b) Kleredragreëls vir sulke dae sal **streng** toegepas word.
(c) BEGINSEL: Alle leerders moet netjies en sinlik in hulle privaatklere by die skool vertoon. Hulle is gewoonlik steeds in **klaskamers** besig met **akademiese werk**. Leerders, personeel en besoekers wil trots wees op ons leerders se voorkoms en kleredrag.
(d) Leerders wie nie na wense geklee is nie se ouers sal geskakel word om skoolklere skool toe te bring.

### 1.2 ALGEMEEN: SEUNS EN DOGTERS

(a) Geen juweliersware mag gedra word nie.
(b) Dogters : Hare mag nie los oor die skouers gedra word nie, asook geen grimering.
(c) Geen moulose "vests" of hemde met onwelvoeglike slagspreuke nie.
(d) BELANGRIK: Geen "studs" in ore (seuns), oogbanke, tonge, neuse of enige sigbare deel van die liggaam nie!
(e) Geen gekleurde, geverfde of onnatuurlike, opgesmukte hare en naels nie.
(f) Geen sigbare tatoeëring nie.
(g) Rasieleiers by atletiek- of galabyeenkomste moet steeds welvoeglik vertoon.
(h) Die amptelike Donkerblou Kuswag skoolpet mag pouses gedra word.

### 1.3 SEUNS

(a) "Boxer shorts of cycle shorts" mag nie onder die kortbroek uitsteek nie.

### 1.4 DOGTERS

(a) Geen deel van die maag of rug mag bokant die band van die romp/ langbroek uitsteek nie:
(b) Die bokant van die rok/bostuk ("toppie") moet die halslyn netjies en smaakvol bedek.
(c) Geen dun bandjies met onderklere wat uitsteek nie.
(d) Onderklere (broekies) mag nie by die romp/broek se band uitsteek nie. Dit skep groot verleentheid veral as die leerder sit.
(e) GEEN kortbroeke nie, wel knie- of kuitbroeke. Rompe/broeke moet te alle tye welvoeglik vertoon – veral as 'n leerder sit.

'n Leerder wat nie na wense geklee is nie, word geïsoleer van die res van die leerders, totdat hy/sy sindelike klere kan bekom of sal met ouers se kennisname huis toe gestuur word.

## 2. SKOOLKLERE

Skoolklere kan gekoop word by:

- The Tailor, Winkel 7A, Toti Mall, Beachweg, Amazimtoti
- Kuswag tweedehandse klerewinkel, Kuswag Skool

### 2.1 SENIOR PRIMêR (GRAAD 4 – 7)

**SOMERSDRAG EN WINTERSDRAG KAN DWARSDEUR DIE JAAR GEDRA WORD**

#### 2.1.1 Seuns

**SOMERSDRAG**

(a) Broek
“Fawn”-kortbroek (Graad 4 – 6) of langbroek (Graad 7).

(b) Hemp
Wit kortmou, ingesteekte hemp met **sakwapen (verpligtend).** Geen T-hemp onder skoolhemp nie.

(c) Skoene
Bruin toeryg (byvoorbeeld Bata-‘toughies’) of brug-gespe aanglipskoene. Geen alternatiewe aanglipskoene (“slip-ons”) nie. **Geen sportskoene, “vellies”** of swart skoene saam met skoolklere nie.

(d) Kouse
By Kortbroek: Bruin lang skoolkouse met wit en teal strepe.
By Langbroek: **Bruin skoolsokkies –** geen wit of ander kleure of gestreepte kouse nie.

(e) Skool Sweetpakbaadjie
Graad 4 – 6: Deel van formele skooluniform. Mag saam met kortbroek skool toe gedra word.
Graad 7: Slegs vir sport. **Nie deel van amptelike skooluniform nie**.

**WINTERSDRAG**

(a) Broek
Graad 4 – 6: “Fawn”-kortbroek, of langbroek of amptelike skoolsweetpak: broek en baadjie.
Graad 7: “Fawn”-langbroek.

(b) Hemp
Graad 4 – 6: Soos vir somersdrag.
Graad 7: Wit langmou-/kortmouhemp. Geen oorhangende hemde word toegelaat nie. Hemp is ingesteek by langbroek en baadjie.

(c) Skoene
Dieselfde as vir die somer.

(d) Kouse
Dieselfde as vir die somer.

(e) Skoolbaadjie
Teal skoolbaadjie soos voorsien deur verskaffers.
Graad 4 – 6: Opsioneel.
Graad 7: Verpligtend. Moue mag nie opgestoot word nie.

(f) Moulose of langmou oortrektrui.

(g) Skooldas:

(h) Graad 4-6: Geen dasse mag gedra word nie.
Verpligtend vir Graad 7. Bruin met wit en teal strepe. Moet saam met die skoolbaadjie gedra word.

**2.1.2 DOGTERS**

**SOMERSDRAG**

(a) Romp
Bruin ses-baan skoolromp.
Rompe mag nie by die middellyn opgerol/omgeslaan word nie.
Lengte word bepaal deur te kniel op die grond: die soomlyn mag dan nie meer (hoër) as 12 cm van die vloer af wees nie.

(b) Hemp
Wit skoolhemp met kort moue en skoolwapen (verpligtend op die sak).
Wit en teal koord, oorhanghemp. Die oorhanghemp mag egter NIE onder die skoolbaadjie uitsteek nie.

(c) Onderklere
Bruin skoolbroeke of behoorlike vleeskleurige katoenbroekie wat nie verleentheid sal veroorsaak nie.
‘n Vleeskleurige of wit bra wat nie by die skoolhemp sal deurskyn nie. Geen swart of ander opvallende kleur of kant wat deurskyn nie.

(d) Kouse
Kort, wit skoolsokkies, eenmaal omgevou tot ‘n maksimum van 4 cm bokant die enkelknop.
SLEGS WIT SKOOLKOUSE IS TOELAATBAAR.

(e) Skoene
Bruin skoolskoene met bandjies om die voet – “Teardrop”. GEEN swart skoene nie.

(f) Skoolsweetpakbaadjie
Graad 4 – 6: Deel van die formele uniform
Die skoolsweetpakbaadjie mag nie onder die skoolbaadjie gedra word nie.

(g) Langbroeke met belt en baadjie. Langbroeke is op bestelling beskikbaar by The Tailor.

(h) Kleredragtoegewings sal op meriete hanteer word vir leerders van etniese- en geloofsgroepe.

**WINTERSDRAG**

(a) Romp
Graad 4 – 7: Soos vir somerdrag.
(b) Hemp
Graad 4 – 6: Soos vir somersdrag.
Graad 7: Wit langmou-/kortmouhemp. Geen oorhangende hemde word toegelaat nie. Hemp is ingesteek by langbroek en baadjie.
(c) Kouse
Graad 4 – 6: Lang bruin seunskouse by romp.
Graad 7: Opsioneel mag leerders sykouse dra. Kleur: "Beach Bronze".
Geen wit sokkies word in die winter saam met die romp toegelaat nie.
Saam met die langbroek mag lang bruin skoolkouse of sykouse gedra word ("knee highs").
(d) Skoolbaadjie
Teal skoolbaadjie soos voorsien deur goedgekeurde verskaffers.
Graad 4 – 6: Opsioneel
Graad 7: Verpligtend. Moue mag nie opgestoot word nie.
(e) Langbroeke met belt en baadjie. Langbroeke is op bestelling beskikbaar by The Tailor.
(f) Skooldas:
Graad 4-6: Geen dasse mag gedra word nie.
Verpligtend vir Graad 7. Bruin met wit en teal strepe. Moet saam met die skoolbaadjie gedra word.
(i) Kleredragtoegewings sal op meriete hanteer word vir leerders van etniese- en geloofsgroepe.

## 2. ALGEMENE NETHEID EN VOORKOMS

### 2.1 NAELS

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Graad 4 – 7: Geen naellak.
  Naels moet te alle tye skoon en netjies wees.

### 2.2 HARE

#### 2.2.1 DOGTERS

- Hare moet te alle tye skoon en netjies vertoon.
- **Geen kleur van hare nie. Geen ligstrepies.**
- Haarjel mag glad nie aangewend word nie.
- Hare moet netjies en uit die gesig wees.
- Kuiwe mag nie die wenkbroue raak nie.

- Geen “wetlook”.
- Geen “undercut”
- Geen tint van wenkbroue of wimpers nie.
- Hare vasgemaak met wit, teal of bruin “scrunchies”, rekkies of linte.
- Haarknippies moet eenvoudig bruin, swart of silwer wees. Vermy asseblief oordadige dekorasies. **Haarknippies moet steeds by die skooldrag pas**.
- Steek haarslierte vas uit die gesig of haarband, maksimum 3 cm breed.
- Die dra van ‘n wit, bruin of swart haarbande van maksimum 3cm met geen versierings nie, is toelaatbaar.
- Los hare wat die kraag raak moet vasgemaak wees.

### 2.2.2 SEUNS

- Hare moet te alle tye skoon en netjies vertoon.
- **Geen kleur van hare.**
- Haarjel mag glad nie aangewend word nie.
- Geen “undercut”
- Geen “Comb Over”
- Hare moet kort gesny wees. Hare mag nie die kraag, wenkbroue of oogbanke raak nie.
- Hare mag nie in ‘n “step” styl gesny wees nie.
- Voorkoms moet by die res van die skool inskakel
- Geen bakkebaardjies (“sideburns “) nie.

Indien ‘n leerder se hare gekleur word word die volgende prosedure gevolg :

a. Die ouer word geskakel die eerste dag wat die leerder met die gekleurde hare by die skool opdaag.
b. Vanaf daardie oproep het u 3 (drie ) dae om u kind se hare reg te stel.
c. Indien dit nie gedoen word nie, sal u kind met detensies gestraf wprd tot die hare reggestel is is.
d. Ons behou ons ook die reg voor om u te vra om u kind te kom haal by die skool tot die hare reggestel is.

## 2.3 JUWELE

- Horlosies mag nie onnatuurlik of oorversier wees nie. Slegs silwer, goue, swart of wit horlosies is toelaatbaar. Geen “slimhorlosies” mag gedra word nie.
- Geen ringe, hangertjies of armbande nie.
- GEEN armbandjies wat ‘n verdienstelike saak (byvoorbeeld anti-dwelms) verteenwoordig, is toelaatbaar nie.

- Lapelwapentjies wat toelaatbaar is: Prefekte, Media Monitors en Toekenningsbalkies: Sport, Akademie en Kultuur en KZN **wat deur die skool toegeken** is.
- GEEN TONGRINGE NIE
- Geen 'studs' of 'sleepers' mag in enige deel van die liggaam gedra word nie, behalwe as oorkrabbetjies.

**Oorkrabbetjies (slegs) vir dogters**

- Goud of silwer "sleepers" – maksimum 1 cm deursnee.
- Goud of silwer "studs" – geen blink steentjies nie.
- Slegs een krabbetjie per oor, en wel in die onderste gaatjie.

## 2.4 SKOOLDRAG EN FUNKSIES

**Skooldrag** word na formele/amptelike skoolfunksies asook amptelike skoolbyeenkomste gedra en wanneer 'n Graad 4 – 7- leerder 'n amptelike funksieof sport- of kultuurfunksie van die Junior Primêr of Hoërskool bywoon.

## 2.5 ALGEMEEN

- Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees.
- Geen gekleurde baadjies, truie of serpe mag skool toe gedra word nie.
- Geen komberse mag om die lyf gedra word nie.

## SPORT KLEREDRAG : GRAAD 4 – 7

## 1. SPORTDRAG

### 1.1 KLEREDRAG VIR LEWENSVAARDIGHEID: PRAKTIES

- Lewensoriëntering-prakties is verpligtend vir leerders, graad 4 - 7.
- Geen leerders sal toegelaat word om prakties te doen, indien die voorgeskrewe kleredrag nie gedra word nie.
- Gedurende die winter mag die volledige skoolsweetpak en tekkies gedra word.
- Nuwe LO klere is by die Tailor beskikbaar. Die Teal en Navy sporthemp mag saam met 'n navy blou "boxer" kortbroek gedra word.

## 2. ONDERSTEUNERSDRAG: SEUNS EN DOGTERS

Leerders wat sportbyeenkomste bywoon, moet die amptelike SKOOLSWEETPAK volledig dra of volledige skooldrag.

## 3. SPANDRAG: DOGTERS

### 3.1 NETBAL, HOKKIE EN TENNIS

#### 3.1.1 Algemene drag

- Teal rompie/of rokkie soos voorgeskryf word.
- Wit gholfhemp (met of sonder mou, soos bepaal) met 'Kuswag' op die bors geborduur. (tennis)
- Wit sokkies (tennis of netbal).
- Sportskoene (toepaslik vir sport).
- Hokkiekouse: Voorgeskrewe hokkiekouse.
- Donkerblou amptelike Kuswagpet beskikbaar by die skoolkantoor.

#### 3.1.2 Eerste spanne

Drag word deur spanlede en afrigter bepaal. Skakerings van die skoolkleure moet gebruik word in die drag.

### 3.2 SWEM

- Navy blou eenstuk skoolkostuum.
- Geen bikini's tydens Interlaer Gala/Lewensoriënteringsperiode of sosiale geleenthede (klaspartytjies) nie.
- Skoolswempet – teal met Kuswag in wit op – **verpligtend vir alle swembyeenkomste/ geleenthede**.

## 4. SPANDRAG: SEUNS

### 4.1 RUGBY

- Wit kort rugbybroek.
- Skoolrugbytrui (bruin met teal en wit strepe).
- Onder 10 – Onder 13: Kaalvoet
- Onder 13 A-span en Eerste span: dra gespesifiseerde eerstespandrag.

### 4.2 KRIEKET

- Onder 10 – Onder 13: Wit kortbroek, bruin skoolkouse, wit gholfhemp met teal kraag en 'Kuswag' in teal op die bors geborduur. Tekkies oorheersend wit met wit veters/wit krieketskoene.

## 4.3 TENNIS

- Graad 4 – 7: Wit kortbroek, Gholfhemp met teal kraag en 'Kuswag' in teal geborduur op die bors.
- Wit kort kouse met oorwegend wit tennisskoene.

## 4.4 HOKKIE

- Graad 4 – 7 : Hokkie kouse met atletiek drag

## 4.5 SWEM

- Navy Speedo of navy "jammers"
- Teal swempet / Kuswag swempet

## 4.6 LANDLOOP EN ATLETIEK

**SEUNS EN DOGTERS**

Graad 4 – 7: Laerskool atletiekdrag

## 4.7 NETBAL

Graad 4 – 7

Wedstryde: vereiste rompie en teal toppie met wit sokkies en tekkies
Oefening: Atletiekdrag

## 5. "STEPOUT" DRAG

Die amptelike Navyblou gholfhemp is by die Kuswag skoolkantoor beskikbaar. Dit moet saam met 'n donkerblou langbroek denim of knielengte donkerblou denim gedra word. Hierdie drag mag op Vrydae en ander spesiale dae, soos bepaal deur die afrigters en/of skoolbestuur gedra word.

Die stepoutdrag mag slegs deur die volgende leerders gedra word:
- Prefekte
- Mediamonitors
- Lede van Eerste spanne/Senior A-spanne

HERSIEN NOVEMBER 2024